



SAWA Oos-Kaap



SAWA “Jeug” Saamtrek: Summerwood 11-13 Januarie 2013

Naweek nuus...

Alhoewel die kampprogram eers Vrydag begin het, was daar verskeie lede wat gelukkig genoeg was om sommer vanaf die Maandag te kon saam kamp. Summerwood was pragtig en heerlik - net soos die vorige jaar. Die swembad was skoon, die water verfrissend, die weer was heerlik en die geselskap en geselligheid van vriende saam - prysloos!

Vrydagaand se boekevat was gehou deur Zelvoné Swanepoel en Elrike Botha. Hulle het vir ons herinner aan die belangrikheid van gebed en het vir elke ouerpaar 'n afskrif van die 10 gebooe vir ouers deur kinders oorhandig.

Hierna het die jong latte gaan LAN in die klubhuis terwyl die res van ons om die braaivleisvure gekuier het.



Die twee boemelaars het ons kom vermaak met 'n "sjerrie liedjie" en almal lekker laat lag.



Saterdagoggend het die jongklomp heerlijk by die swembad baljaar en allerhande sports aangevang. "Die Weners" het die "Toughy Tiere" die stryd aangesê, maar dit was uiteindelik die "Toughy Tiere" wat gewen het.



Dankie aan al SAWA se ouer toeskouers wat ons jongklomp kom ondersteun het.



Saterdagmiddag was dit die groot swem gala en dit was omtrent 'n naelbyt stryd tussen die verskillende spanne. Al die spanne het verbete teenmekaar uitgeswem in die koue. Daar was die "Outoppies", die "Powerpuff- girls", die "Damduikers" en die "Perlies" om maar net 'n paar name te noem. Uiteindelik het die "Lang Lelle" in die tweede plek geïndig en die "Stormers" is as kampioene gekroon.



Saterdagmiddag se boekevat was waargeneem deur JJ Swanepoel en Juandré Hall en daarna het die prysuitdeling plaasgevind. Baie dankie weereens aan die Labuschagne-egpaar wat die 2 trofees geskenk het. Hierna was daar lekker saam gekuier rondom die braaivleisvure - ten spyte van die bietjie reën wat geval het.

Sondagoggend was die kerkdiens in die klubhuis gehou en het die kinders die grootmense beïndruk met hulle pragtige sang en danse. Die boodskap het gehandel oor God se 5 punt plan vir ons lewens.



Tannie Jakkie het plaatjies uitgedeel en daarna het Blapsie gepraat!

10 Streek - Sieg Slabbert
20 Streek - Benji Erasmus
30 Streek - Tobie Botha
130 Streek - Stienie grobler
50 Algemeen - Elmar Steyn
75 Algemeen - Johan Steynberg en Jacques Strydom
175 Algemeen - Cecile Meyer

Die res van die middag het almal lui-lekker rondgekuier, by die swembad gebraaie en pot gemaak en rustig begin oppak. Dit was voorwaar 'n heerlike afsluiting van die Desember vakansie en bietjie "recharge" vir die Nuwe Jaar! Dankie aan alkeen wat hierdie kamp 'n sukses gemaak het!

Groete
Zelda Swanepoel



Find us on
Facebook

